
# Ledesake

## In memoriam

### Elsa Joubert




Die Akademie het met leedwese verneem van die afsterwe van die geliefde skrywer en lid van die Akademie, Elsa Joubert, wat op 14 Junie 2020 in die ouderdom van 97 jaar in Kaapstad oorlede is.

Die LW Hiemstraprys vir Niefiksie is vanjaar aan haar toegeken vir die laaste deel van haar outobiografiese drieluik, *Spertyd* (2017), wat sy voltooi het in die jaar wat sy 95 jaar oud geword het. Die Akademiekantoor het die voorreg gehad om haar enkele weke voor haar afsterwe telefonies te kon meedeel dat sy weer die wenner van hierdie gesogte bekroning was.

Elsa Joubert het oor die jare ook drie ander prestigetoekennings van die SA Akademie ontvang, nl.

- die Eugène Marais-prys in 1964 vir haar eerste roman, *Ons wag op die kaptein*,
- die gesogte Hertzogprys in 1998 vir *Die reise van Isobelle*, en
- die LW Hiemstra-prys vir Niefiksie in 2011 vir haar outobiografiese werk, *Reisiger*.

Met *Die swerfjare van Poppie Nongena*, het sy wye bekendheid verwerf: Die roman verskyn op die lys van die 100 beste boeke uit Afrika. Prof. Willie Burger, lid van die Letterkundekommissie, beskryf Elsa Joubert in ’n huldeblyk na haar dood op Netwerk24 as “die reisiger van die Afrikaanse letterkunde”. Haar eerste boeke was reisverhale, soos byvoorbeeld *Die verste reis*, en twee van haar belangrikste romans staan in die teken van ‘reis’: *Die reise van Isobelle* en *Die swerfjare van Poppie Nongena*. “Dit is hierdie verste reis van een mens na ’n ander, deur die hart, wat telkens ook die leser van Joubert se werk aan die hart gryp. Die besef van verspeelde kanse, van die ontsettend baie maniere waarop hierdie reis van mens tot mens kan skeefloop, is waarskynlik verantwoordelik vir die sterk emosionele appèl wat Joubert se werk op lesers maak”, skryf hy.

### Jeanne Goosen




Die gevierde skrywer, Jeanne Goosen**,** is op 3 Junie 2020 oorlede. Die SA Akademie het haar in 2009 vereer met ’n eeufeesmedalje vir haar besondere bydrae op die gebied van die Afrikaanse poësie, roman, kortverhaal en drama.